

Saterdag 30 September

Skrifgedeelte: Openbaring 3:14-22

Fokusgedeelte: Openbaring 3:20

Blindes met toe deure

Waarom moet dit nodig wees dat Jesus aan 'n gemeente se deur moet klop?

Ons leef in tye waar ons die deure sluit as dit donker word. Iemand wat swak sien, maak ook seker dat die deure goed toe is sodat skelms 'n mens nie onverhoeds betrap nie. Ons sluit ons besittings toe in kluiise, installeer alarms en het gewapende reaksiemagte. Wat dink ons? Lees mooi wat het die gemeente van Laodisea gedink (vs 17).

Wat sien Jesus? Hy kyk verby die aardse dinge en Hy sien 'n gemeente wat só besig is om die aardse dinge te beskerm dat hulle net afskeptyd het vir die werk van die Here. Die deur word vinnig oopgemaak en met vuil klere gaan hulle kerk toe, dink nie aan die Here nie – net hulle eie dinge. Dit maak hulle blind en kaal.

Genadiglik is dit nie die Here se gesindheid nie. By die toe deur klop Hy. Let op dat Hy nie soos net ná sy opstanding deur die toe deur gaan nie. Nee – Hy het reeds sy verantwoordelikheid nagekom! Hulle is 'n gemeente wat ook die nagmaal gevier het. Wat gedoop is. Wat, besprinkel met die bloed van Christus, volkome vergifnis ontvang het. Hulle verantwoordelikheid is om iets aan hulle blindheid en naaktheid te doen. Hulle moet dit besef. Hulle moet die deur oopmaak en oogsalf vat en aansmeer, klere gaan koop. Wittes – die reg-verdige dade. Hulle moet dóén.

Nagmaal is weer daardie herinnering: Ek het 'n verantwoordelikheid om allereers my aandag aan die Here te gee. Hy wat gee wat geen geld kan koop nie: volmaakte, volledige versoening.

Aanvaar dit en leef dit uit!

Sing: Skrifberyming 44 / 15-8:2, 4

Dr. HF (Hennie) van Wyk (Bloemhof/Christiana)